HOOFSTUK 2

## 2. BEGRIPSBEPALING IN DIE BREË

### . Inleiding

die eerste deel van hierdie hoofstuk sal daar na verskeie hoofvorme van ;tremdheid verwys word om so die kategorieë verstandelike en geestelike ;tremdheid (vertraagdheid) in te sluit, waaronder Downsindroom (Mongolis= ı ressorteer. Die kind met Downsindroom mag ook met 'n gesigs-, gehoors- enige ander fisiese defek gebore word, wat nie inpas in die patroon van fisiese stigmata van Downsindroom nie. Die uitgangspunt is hier om die kind wat medies as Downsindroom gediagnoseer is en in die kliniese raamwerk inskakel, te bestudeer (kyk hoofstuk 3).

Opvoedkundiges en psigoloë verwys soms verkeerdelik na die opleidingsentrum as 'n skool en na die opleiding as onderwys; daarom sal daar verder in die hoofstuk besin word oor die volgende begrippe: opvoeding, onderwys, oplei= ding, opvoedbaarheid, opleibaarheid en onopleibaarheid. In hoofstuk 5 word die studieveld nouer getrek om die kind met Downsindroom (op Imbesielvlak), te kategoriseer as opleibare geestelik vertraagde.

### : Gestremdheid

e woord strem (Engels: handicap; Duits: behindern) beteken terughou, rem, 'hinder om te beweeg, om te handel, om vooruit te gaan" (Nel, 1967, p. 17). 'rdie remming en verhindering dui egter nie net op stremming in funksione= g van die motoriek nie, maar ook op gestremdhede in sintuiglike, affek= f-strewende, gedrags- en verstandelike fasette van menswees.

begrip "gestremde kind" word in artikel 1(ix) van die Wet op Onderwysdien= (Wet 41 van 1967) omskryf as: "'n kind wat behoort tot 'n kategorie kin=

s wat in Bylae I vermeld word en wat na die oordeel van die sekretaris, so 'n mate in liggaam, verstand of gedrag van die meerderheid van kin= s afwyk, dat hy -

a. nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die nor= male loop van die onderwys verskaf word nie;

b. onderwys van 'n gespesialiseerde aard nodig het om sy aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik; en

c. nie 'n gewone klas in 'n gewone skool behoort by te woon nie, omdat sodanige bywoning vir hom of vir ander leerlinge in daardie klas ska= delik kan wees, en voldoende baat sal vind by onderwys bedoel in pa= ragraaf (b)".

2.2.1 Motoriese gestremdheid

Die mees opvallende vorm van gestremdheid is die "verhindering om te be= weeg". 'n Vorm van gestremde motoriek is die voorkoms van 'n gebreklike ledemaat by die pasgebore baba. Daar is egter motoriese gestremdhede wat by geboorte nog nie waarneembaar of selfs bepaalbaar is nie. Sekere ge= stremdhede het 'n erflike of endogene oorsprong, terwyl ander te weeg ge= bring kan word deur omgewingsfaktore, d.w.s. dit kan 'n eksogene oorsprong hê. 'n Gebreklike ledemaat, wat die gevolg is van een of ander besering, tref eerstens die gladde funksionering van die spierstelsel, maar dit kan ook die sentrale senustelsel skaad en dus neurologies van aard wees, soos bv. by epilepsie (Penfield en Jasper, 1954, p. 31) en breinbeskadiging, of 'n neurologiese ontwikkelingsteuring waardeur die spraak versteur is (bv. afasie) of die handelinge versteur is (apraksie) (Nel, 1967, p. 18). Ander siektes wat as eksogene faktore motoriese gestremdhede te weeg bring, is enkefalitis en chroniese siektes soos tuberkulose en asma.

### 2.2.2 Sintuiglike gestremdheid

Hierdie vorme van gestremdheid,nl. doofheid, hardhorendheid, blindheid en swaksiendheid, kan 'n genetiese oorsprong hê of veroorsaak word deur onge= lukke of siektes.

### 2.2.3 Gestremdhede in die affektief-strewende lewe

Ernstige traumatiese ervaringe soos die grusame dood van die vader of moe= der kan psigopatisering meebring. Psigopatisering vind plaas wanneer die kind deur oorsake van buite in sy persoonlikheidsontwikkeling in so 'n ma= te ontspoor word, dat hy nie normaal in sy omgewing kan aan- en inpas nie (Kruger, 1972, p. 8). Konfliksituasies waarvoor die kind nie oplossings kan voorsien nie, bring neuroses mee wat uiteindelik in een of ander vorm van psigose eindig.

### 2.2.4 Gedragsgestremdheid

Hieronder word verstaan dat 'n kind in so 'n mate afwyk van normaal aanvaar= bare gedragswyses dat hy die akademiese vordering en persoonlikheidsontwik= keling van die ander kinders ontwrig en strem. Hierdie stremming mag in so 'n ernstige graad voorkom dat die kind na 'n kliniekskool[x)] verwys moet word.

Hierdie vorm van gestremdheid kan veroorsaak word deur opvoedkundige ver= waarlosing by die kind se ouerhuis - waar feitlik al hierdie probleme hul oorsprong het - tesame met 'n gebrekkige oorgeërfde verstandspotensiaal so= wel as die beperkte aktualisering daarvan. Swak skoolprestasie kan ōf die

---

x) In Transvaal is daar 3 kliniekskole wat deur die T.O.D. beheer word en wat besonderlik bedoel is vir gedragsgestremde leerlinge, nl. die Loop= spruit-kliniekskool vir senior leerlinge, Amalia-kliniekskool en Moedwil-kliniekskool vir junior leerlinge.

oorsaak óf die gevolg wees van gedragsgestremdheid.

2.2.5 <u>Verstandelike en geestelike gestremdheid</u>

"Hierdie term word gebruik om algemene intelligensie aan te dui wat onvol= doende is vir die vereistes van 'n lewensbestaan sonder spesiale hulp" (Blodgett, 1972, p. 5). Vanuit hierdie definisie word eerstens die verband tussen die begrippe:"algemene intelligensie", "lewensbestaan" en "spesiale hulp" verder toegelig. Hierdie toeligting word gedoen om hierna aan te toon dat die betekenis van die woord "gees" nie alleen onduidelik is nie, maar ook nie verder in hierdie konteks ontleed kan word, sonder om "gees" met verstand of intellek te verklaar nie.

Onder "algemene intelligensie" word die vlak van funksionering van die ver= skillende funksies, nl. persepsuele, motoriese, verbale en konsepsuele ver= staan (Piaget volgens Gourlay, 1967, p. 121). Indien die kwantitatiewe sy= ferresultaat van 'n intelligensietoets as die manifestasie van die kind se vermoëns op bepaalde probleme, op 'n vasgestelde tyd in 'n toetssituasie, beskou word, kan breë kategorisering ten opsigte van opvoedbaarheid, oplei= baarheid of onopleibaarheid gedoen word.

'n Kwalitatiewe beoordeling van die afsonderlike funksies, soos hierbo ge= noem, verskaf aan die ondersoeker 'n beter beeld ten opsigte van die kind se moontlik suksesvolle "lewensbestaan" of aanpassing in die sosiale omge= wing. Wanneer die kwantitatiewe en kwalitatiewe beoordeling van die kind se intelligensie hiervolgens gedoen word, kan daar bepaal word watter vorm van "spesiale hulp" verleen moet word (in 'n spesiale klas, spesiale skool of opleidingsentrum).

Die verslag van die komitee van ondersoek na die versorging van erg gees= tesvertraagde persone in 1967 (die sg. Van Wyk-komitee),stel die betekenis van die begrip geestesvertraagde nie duidelik nie. Die opdrag van die Minister van Gesondheid aan die komitee was: "om ondersoek in te stel na en aanbevelings te maak oor die omvang van die probleem van verstandelike ver= traagde persone wat onopvoedbaar is ..." (Verslag, 1967, p. 1). Die komi=

tee definieer die geestesvertraagde as "iemand wat, vanweë 'n vertraagde of onvolwaardige ontwikkeling van die gees ('mind') 'n opvallende gebrek aan intelligensie toon en, óf tydelik óf blywend, ontoereikend by sy omgewing aanpas" (p. 3).

Uit die "Tweetalige Woordeboek" van Bosman, Van der Merwe en Hiemstra word die woord "mind" met verstand, intellek; gees, gemoed en binneste vertaal. Die eerste twee en laaste drie word respektiewelik as sinonieme gesien.

1. Ondersoeker het verskeie persone gevra na die betekenis van die begrip "geestesvertraagde". Verwarring oor die betekenis van "gees-" het in alle gevalle voorgekom, omdat dit 'n begrip is wat verskillende beteke= nisnuanses bevat (verstand, gemoed).

2. Die begrip verstandelike vertraagde is hierteenoor by almal met die be= tekenis van gebrekkige intellektuele funksionering van die mens gesien.

Die Van Wyk-komitee beskou die intellek as 'n onderdeel van die menslike gees. In teenstelling met hierdie siening kan verklaar word dat die intel= lek 'n beheersende rol speel in alle geestesfunksies van die mens en nie net 'n onderdeel daarvan vorm nie. Onder intellektuele funksionering word ook aanpassing by die omgewing ingesluit (vgl. definisie van Blodgett), al= hoewel Gunzburg (1973, p. 17) se beskouing aanvaar word dat I.K. en sosiale aanpassing nie in alle gevalle korreleer nie.

In die "Verklarende Afrikaanse Woordeboek" van Kritzinger word 'n "geestes= kranke" gesien as iemand wat "geestelik siek of verstandelik aangetas" is. In die "Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal" van Schoonees, Swanepoel en Du Toit word die woord "geesteskranke" nie weer soos deur Kritzinger verklaar nie. "Gees" word met "verstandelike en morele begaafdheid", sowel as "ge= dagte en verbeelding" omskryf. "Geestesvermoë" dra die betekenis van "ver= standelike vermoë". Geestesvermoë en verstandelike vermoë is hiervolgens sinonieme; daarom kan die verstandsfunksie (-vermoë) nie 'n onderdeel van die geestesfunksie (-vermoë) wees nie.

In die Wet op opleiding van geestelik vertraagdes (No. 63 van 1974), blyk dit

dat die term "geestesvertraagde", wat in die Van Wyk-verslag gebruik word in die wet vervang is met "geestelik vertraagde".

Die Van Wyk-komitee noem ook dat die "begripsverwarring ten opsigte van die klassifikasie van verstandelike vermoë bykans chaoties is" (p. 3). Hierdie klassifikasie word in hoofstuk 5 verder bespreek, maar omdat daar in hoofstuk 3 en 4 na bepaalde begrippe verwys sal word, is dit belangrik om hierdie begrippe hier kortliks te verduidelik. 'n Internasionaal aan= vaarbare klassifikasie omsluit die gebruik van die volgende begrippe:sub= normale (I.K. 50 - 79); imbesiel (I.K. 25 - 49) en idioot (I.K. 0 - 24). Die terminologiese probleem het sy oorsprong daarin dat daar in bykans al= le lande pogings aangewend is om 'n meer omskrywende terminologie te ont= wikkel. In die Van Wyk-verslag (p. 5) word gesê dat daar nog nie in Afri= kaans benamings in gebruik is wat as ekwivalente kan dien vir Engelse be= grippe soos "mildly", "moderately", "severely" en "profoundly mentally handicapped" nie. Die Van Wyk-komitee beveel aan dat hierdie Engelse be= grippe soos volg in Afrikaans vertaal word: "mildly: subnormaal; modera= tely : matig geestesvertraag; severely : diep geestesvertraag en pro= foundly : erg geestesvertraag of swaksinnig"(p. 6). Hiervolgens word die opvoedbare kind as die subnormale geestesvertraagde; die opleibare as ma= tig geestesvertraag en onopleibare as diep geestesvertraag geklassifiseer. Die onopvoedbares word dan saamgegroepeer as die erg geestesvertraagdes.

Die Wet op opleiding van geestelik vertraagde kinders (Wet no. 63 van 1974) beslis dat die onopvoedbare kind, wat ook opleibaar is, as die geestelik vertraagde bekend sal wees. Die opvoedbare kinders wat in spesiale skole en spesiale klasse in die gewone skool aangetref word, sal dan die verstan= delik vertraagdes genoem word.[x)] Ondersoeker sluit hom hierby aan,veral ook omdat die begrip "geestelik vertraagde" reeds in die wet gevestig is.

---

x) Die Van Wyk-komitee het voorgestel dat hierdie kinders óók as gees= tesvertraagd bekend sal staan, maar Wet 63 van 1974 beperk dié be= grip tot die sogenaamde "onopvoedbares".

Daar sal daarom in hierdie studie na die opvoedbare Downsindroomkind ver=wys word as die verstandelik vertraagde Downsindroomkind; na die opleibare Downsindroomkind as die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind en na die onopleibare Downsindroomkind as die onopleibare geestelik ver=traagde Downsindroomkind. Die begrippe:"matig", "diep" en "erg",word ver=werp as onwetenskaplik en vaag.

## 2.3 Opvoeding

"Opvoeding is 'n toerekenbare, verantwoordelike,doelstellende, noodwendige, transendent-teleïes bepaalde,religieus-gestempelde, afhandelbare gebeure, handeling, aktiwiteit of daad waarby minstens twee, 'n mondige en onmondige, mense mekaar in 'n doelbewuste beïnvloedingsituasie ontmoet met die oog op toerusting (leiding en vorming) van die onmondige mens vir sy lewenstaak" (Van Wyk, 1973, p. 13).

Die onderwyser in die opleidingsentrum wat die opleibare geestelik vertraag=de as kind van God sien, sal dan ook sy opvoedingshandeling tot hierdie on=mondige mens rig om hom so te help om die Here sy God lief te hê met sy hele hart, met sy hele siel, met sy hele verstand en met al sy kragte en sy naas=te soos homself; daarby moet hy die aarde op sy beperkte manier onderwerp en daaroor heers. Om so hierdie onmondige kind met sy besondere opvoedings=behoeftes te vorm tot mondigheid, veronderstel kennis van alle kategorieë vertraagdes. "Leiding tot mondigheid sluit nie alleen die funksie van die mond in sprake tot eer van God en medemens in nie, maar ook die funksies van die oor, oog, hand en voet"(Heyns, COVSA-studiestuk no. 14, p. 14).

'n Bewustheid van die leemtes in bestaande kennis om die kind met Downsin=droom tot volle ontplooiing van sy vermoëns te bring (as bewerker van die skepping van God) lê hierdie studie ten grondslag.

## 2.4 Onderwys

"Onderwys is die handeling waarby bepaalde kennis en vaardigheid deur die onderwyser die kind aangebied word op wetenskaplike wyse sodat die kind daardeur gelei en gevorm word tot toegeruste en ywerige vervuller van die taak waartoe hy geroep is" (Van Wyk, 1973, p. 14).

In die Wet op Onderwysdienste (No. 41 van 1967), word "onderwys" in artikel 1(XVI) beskryf as "onderwys en opleiding, hetsy op 'n voltydse of 'n deel=tydse grondslag, en ook -

a. die versorging van leerlinge; en
b. die beskikbaarstelling van geboue, koshuise en toerusting, die indiens=neming van personeel en die verskaffing van enige ander dienste wat die Minister nodig ag om die bedrywighede van 'n skool of 'n ondersteun=de skool voort te sit".

Die begrip "onderwys" word in die huidige bedeling slegs gekoppel aan die oordra van skolastiese bekwaamhede in die gewone en spesiale skool. Die begrip "leerling" dui ook op die opvoedeling in die gewone en spesiale skool, terwyl daar van hierdie persoon in die opleidingsentrum as "kind" gepraat word.

Die kennis en vaardigheid van die onderwyser in die opleidingsentrum behels die kennis van elke kind met betrekking tot die vorm en graad van sy ver=traagdheid, die mate van vordering wat hy reeds in sy opleidingsprogram ge=maak het en die vermoë om die program te wysig ten einde die kind te help om optimaal te ontwikkel en so ook 'n taak in die huis en gemeenskap te vervul.

## 2.5 Opleiding

Wanneer dit gaan om die opleibare geestelik vertraagde in die opleidingsen=trum, word opleiding veral gesien as die ontwikkeling van die kind se nie-sko=lastiese vermoëns. Die vermoë om sosiaal aan en in te pas in die gemeen=skap, selfversorgend te wees en beskutte of beskermingsarbeid op werkplase

(of-sentrums) te verrig, is deel van hierdie opleiding (Lipman, 1972, p. 6).

Die ontwikkeling van taal as kommunikasiemiddel is ook van wesenlike belang in die opleiding van die geestelik vertraagde kind. Onder taalontwikkeling moet hier verstaan word dat die kind woorde soos: "gevaar", "stop", "asse=blief", "dankie", "mans" en "dames" leer en ook die gebruik van woorde in kort sinne om sy behoeftes uit te druk.

Omdat die opleibare geestelik vertraagde nie daarin slaag om te ontwikkel tot die abstrakte denkvlak nie, bly skolastiese vaardighede soos lees en skryf met begrip en rekene bo sy vermoë. Opleiding verwys dan hier na die vorming in nie-skolastiese vaardighede (Wallin, 1924, p. 168).

In soverre as wat die curriculum van die verstandelik vertraagde in die spe=siale skool, bo en behalwe skolastiese bekwaamhede soos skryf, lees en re=ken, op handvaardigheid ingestel is, ontvang hulle dus ook opleiding.

## 2.6 Opvoedbaarheid

Die verstandelik vertraagde leerling wat in die spesiale klas van die ge=wone skool en in spesiale skole aangetref word, word as opvoedbaar geklas=sifiseer. Opvoedbaarheid verwys hier hoofsaaklik na die vermoë van leer=linge om skolastiese bekwaamhede soos skryf, lees en reken te bemeester (Clausen, 1967, p. 735; Van Wyk-verslag, 1967, p. 7).

In die "American Journal of Mental Deficiency", wat as 'n gesaghebbende bron vir bestudering van navorsingsresultate oor die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind beskou word, word die begrippe "educable" (opvoedbaar) en "trainable" (opleibaar)deurgaans gebruik.

## 2.7 Opleibaarheid

Wirtz en Guenther (1957, p. 175) sê: "A trainable individual is descri=bed as that individual, who, because of retarded mental development, would not profit from public school special classes for educable mentally handi=

capped, but who possesses potentialities for learning a) self-care; b) social adjustment in the home and neighbourhood, and c) economic useful= ness in the home, in a sheltered environment, or in the community under supervision".

Die opdrag aan die Van Wyk-komitee "om ondersoek in te stel na en aanbeve= lings te maak oor die omvang van die probleem van verstandelike vertraag= de persone wat onopvoedbaar is" (Van Wyk-verslag, p. 1), sou lei tot die besluit van die Minister om 'n agste kategorie van buitengewone onderwys by te voeg. In artikel 1(vi) van Wet 41 van 1967 (die Wet op Onderwys= dienste) word die begrip "buitengewone onderwys" as onderwys van 'n ge= spesialiseerde aard omskryf. Die ter sake-aanbevelings van die Van Wyk-komitee, wat in Wet 63 van 1974 geïnkorporeer is, is soos volg: "In ter= me van verstandelike vermoë is I.K. 50, soos bepaal met 'n individuele ver= standstoets en 'n standaardafwyking van 15, die punt waar skolasties opvoed= bare kinders en skolasties onopvoedbare kinders van mekaar geskei word" (Verslag, p. 5).

Omdat die opleibare geestelik vertraagde kind se denke op die konkreet-aan= skoulike vlak funksioneer en nie die abstrakte vlak bereik nie, is die op= leiding toegespits op vaardighede in selfsorg (eetgewoontes, mobiliteit, aan- en uittrek en toilet- en wasgewoontes), kommunikasie (eenvoudige be= namings van objekte en gebruik van woorde in kort sinne), sosialisering (huislike en spelaktiwiteite) en beroepsmatige aktiwiteite (om handvaar= dighede te bemeester) (Gunzburg, 1973, p. 110).

Dit moet duidelik gestel word dat die opleibare geestelik vertraagde ook opgevoed kan word, maar dan in 'n beperkte mate ten opsigte van sedes, ge= woontes en godsdiens.

## 2.8 Onopleibaarheid

Wirtz en Guenther se definisie van die opleibare geestelik vertraagde kan hier as uitgangspunt dien: wanneer dié kind nie die vermoë het om selfver= sorgend te word en sosiaal aan te pas in die huis en omgewing nie, moet hy in 'n inrigting (tehuis) versorg word. Indien dit moontlik is om met die kind kontak te maak en te behou en sy intelligensie te meet, word die grens tussen opleibaarheid en onopleibaarheid op ± 30 gestel (Rothstein, 1961, p. 8).

## Samevatting

die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk is daar gepoog om die verskil= lende kategorieë gestremdhede, nl. motoriese, ~~sintuiglike, gedrags-,~~ ver= standelike, geestelike gestremdhede en gestremdhede in die affektief-stre= wende lewe uit hul verweefdheid los te maak en afsonderlik te bespreek. Die belangrikste besprekingspunt in hierdie gedeelte is die bespreking van begrippe wat deur die Van Wyk-komitee in 1967 aanbeveel is, dié wat in Wet 63 van 1974 gebruik word en die begrippe onderliggend aan hierdie studie.

In die tweede gedeelte word onderskei tussen die begrippe: opvoeding, on= derwys, opleiding, opvoedbaarheid, opleibaarheid en onopleibaarheid.

In hoofstuk 3 sal daar aandag gegee word aan die terminologie, kliniese diagnose, ontwikkelingspatrone en etiologie van Downsindroom. Etiologie is 'n baie belangrike saak omdat dit die hele wese van die sindroom bloot= lê en prognostiese waarde het ten opsigte van die opleibaarheid van die betrokke kind.